

Maandag 12 Julie

Skrifgedeelte: Miga 2:10-13	Fokusgedeelte: Miga 2:12-13
-----------------------------	-----------------------------

Skape het 'n Herder nodig!

Skape wat sonder 'n herder rondswaai, is gevaarlik – nie net vir hulleself nie, maar ook vir ander. Dit is ook nie juis 'n komplement wanneer mense mekaar skape noem nie. Tog word hierdie beeld van herder teenoor skape dikwels in die Bybel gebruik. Dink aan die bekende Psalm 23 van koning Dawid wat erken dat ons maar skape is en die Here ons Herder.

Hier verkondig Miga die genade van verlossing. Nie net die latere verlossing van Israel uit ballingskap nie, maar spesifiek die belofte van ons Here Jesus Christus se verlossing. Dat Hy al sy kinders bymekaar sal maak voordat sy wederkoms sal plaasvind.

In Johannes 10, Koning Jesus wat pertinent sê dat Hy die Goeie Herder is. Die Goeie Herder wat sy skape – ons – op die naam ken. Hy het ook vir ons gesê dat Hy die ingang, die poort na die ewige lewe is.

Mag ons elkeen, ons Herder se stem ken. Beslis weet dat Hy voorloop – reeds voorgeloop het! Die ewige dood oorwin het en reeds vir ons plek maak by die Vaderhuis.

Sing: Psalm 23-1:1, 2

Ds. JJ de Bruyn (Johannes) (George)